29 Mei 2011 – Pretoria (Nagmaal)

Skriflesing: Filippense 1:27 – 2:11
Teks: **Filippense 1:27a; 2:2-3; 5**
Sing- Ps. 71:1,2,6,; Ps. 94:6; Ps. 40:6; Ps. 23:3; Ps. 116... Ps. 20:1,9

Wanneer ons vanoggend aan die tafel van die Here wil gaan aansit, broeder en suster, het ons met 'n hoogtepunt in ons lewe te doen. Nagmaal moet altyd so 'n hoogtepunt in ons lewe kan wees, om op hierdie besondere wyse in ons geloof gevoed te mag word en in ons lewe versterk te mag word vir die stryd waarin ons verkeer. In die vorige weke het ons reeds gehoor hoe Paulus in hierdie brief aan die Filippense sy eie persoonlike stryd direk verbind het aan hoe hy al hierdie lyding sal verdra as hy dit maar kan doen ter wille van die evangelie. Paulus gee nogal 'n uitgebreide beskrywing van wat sy eie gesindheid en houding in hierdie moeilike tyd van sy lewe sou wees, maar dit gaan nie maar om hom nie. Hy wil dat die gemeente die voorbeeld wat hy aan hulle stel, self ook moet kan toepas.

Daarom het ons eintlik vanoggend gekom by 'n klimaks, die klimaks waar Paulus nie maar net homself stel tot voorbeeld hoe 'n mens jou moet gedra as daar lyding oor jou kom nie, maar watter beter voorbeeld, watter groter voorbeeld kan daar wees as die voorbeeld van Jesus Christus. Paulus gee op uitgebreide wyse in hfst. 2:6-11die vernedering en die lyde van Jesus Christus vir ons as 'n volmaakte voorbeeld weer. Met hoeveel vernedering, met hoeveel stryd Jesus in sy aardse lewe die volle lewe moes ingaan, kan moeilik beskryf word. Dit is 'n geweldig ryke gedeelte, so ryk dat heelwat teoloë hulle al in die rykdom van die gedeelte verstik het. Die baie bekende Du Plessis-saak in die NG kerk aan die begin dertiger-jare van die vorige eeu was hierdie gedeelte ook in die brandpunt daarvan.

***

Waar Paulus in die vorige gedeeltes heelwat oor sy eie gesindheid sou praat, nou styg hy baie vêr bokant homself uit. Die gesindheid wat alles moet omvat is die gesindheid van Jesus Christus. Soos Paulus dit dan ook direk sê- *Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was...* In vers 21 het Paulus dit openlik en reguit verklaar- *vir my is die lewe Christus en die sterwe wins...* Die lewe van Christus en die gesindheid van Christus is één geheel! Die geheel wat ons na die tafel van die Here moet laat uitsien. Wanneer ons aan die tafel van die Here kom aansit moet ons dit kan uitroep en uitleef dat my lewe Christus moet wees. Dit geld vir die Filippense en vir ons elkeen hier vanoggend- wat dit beteken as Christus jou lewe is! Wat sê dit van ons gesindheid?! Hy wat altyd hoe langer hoe meer jou lewe en jou gesindheid moet word. Ons tema dan- As Christus ons lewe is dan sal ons eensgesind en nederig onsself in die gemeente stel, maar ons sal ook stry vir ons geloof in die

evangelie waar ons ons nie sal laat afskrik nie Ons sal die rykdom van wat die Here hier aan ons openbaar in die volgende drie gedagtes kan saamvat. . Ons eerste gedagte- 1.Waar lê die stryd. 2.Wees eensgesind en nederig.3. Dit alles kom saam op die voorbeeld van Christus.

Waar lê die stryd!

*Alleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus...*Geliefdes, dit is 'n oproep dat al gebeur daar ook watter ding in jou lewe, maak nie saak wat dit mag wees nie, daar gebeur in ons lewe goeie dinge, daar gebeur ook baie slegte dinge, maar altyd moet ons ons kan gedra waardig die evangelie van Christus. Om jou te gedra gebruik Paulus hier 'n woord in die Grieks πολιτεύεσθε – wat eintlik betrekking het op 'n mens se burgerskap. Daardie burgerskap wat ons in 3:20 spesifiek van lees- *Ons burgerskap is in die hemele van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus.* Wanneer ons aan die tafel van die Here gaan aansit, dan is ons manier van lewe nie los te maak van dit wat my nou na die tafel van die Here gaan aantrek nie.

Wanneer ek hoor dat ek burger mag wees van God se koninkryk dan sal die ryke verbond van God altyd God se kinders na Hom aantrek. As God jou aantrek doen Hy dit nie met jou en my alleen nie, maar God se verbond plaas jou altyd in verhouding tot God maar ook in verhouding tot ander mense. Die gemeenskap met God sluit in gemeenskap met mekaar. Die brood waar baie van ons gaan eet, die beker waar ons gemeenskaplik uit gaan drink, dis hemels burgerlik... Om burger te wees plaas jou nie maar net in verhouding tot ander nie, maar impliseer dat ons vir mekaar verantwoordelik is. Dit is 'n voluit burgerlike saak, waar die vers eintlik vir ons sê- gedra julle soos burgers van 'n stad maar die stad wat ons inbeweeg is die stad van God, *die stad wat fondamente het waarvan God die boumeester en oprigter is...*

Ons moet ons gedra soos burgers van die goddelike staat, die stad wat God daarstel, maar hier lê ook ons stryd. Om hierin waardig die evangelie van Christus jou te gedra, beteken dat 'n mens sal moet kan vasstaan. Paulus stel dit reguit, al sou hy nie uit die tronk vrygelaat word nie en hy is nog steeds afwesig, dan moet hulle in *een gees vasstaan en een van siel saam stry vir die geloof van die evangelie...* Die evangelie is dit ten volle werd om daarvoor te stry, daar lê jou en my stryd vir die geloof van die evangelie. Die geloof wat om Christus handel en dieselfde Christus is die inhoud van die evangelie. Daarom is hierdie stryd waar ons ook om moet stry om die eer en die heerlikheid van Christus. Hy wat die middelpunt moet wees.

Verse 28-30 wys hoe moeilik en hoe fel hierdie stryd baie keer sal wees. V. 28- Ons gaan met teëstanders te doen kry, v.29 ons gaan met lyding te doen kry- v.30- ons gaan met konflik in ons lewe te doen kry. In dit alles moet ons in een gees vasstaan, een van siel saamstry. Vir vasstaan en saam stry wys alles na buite gerigte optrede, maar tog is die hele innerlike bestaan van die mens ter sprake. Jou hele wese, jou hele psige, gees en siel, moet saam kompeteer vir wat die evangelie vir ons werd is.

Ons moet ons nie laat afskrik of laat intimideer wanneer daar teëstanders op ons pad kom nie. Die woord in die Grieks vir *afskrik* kom net hierdie enkele keer in die hele Bybel voor en het dit te doen dat mens nie soos 'n trop perde op loop sal gaan, wanneer perde vir iets skrik nie. Wie die vraag na die werklike stryd in die lewe moet kan antwoord sal Paulus dit hoor sê dat hyself 'n sware stryd gehad het om te stry, maar tog was dit alles die moeite werd. Dit gaan om die voorreg om 'n kind van God te wees, want so stel Paulus dit ook in v.29- dit is nie alleen aan ons gegee om in Christus te glo nie, maar ook vir Hom te ly. Die stryd wat hulle moet stry is dieselfde stryd wat Paulus hulle aanmoedig om te bly stry, die stryd wat hulle ook Paulus gesien gestry het, die stryd waarvan hulle nou weer van hom kan hoor.

Wanneer Paulus sy stryd naby hulle stryd wil bring wat hy weet daar in die gemeente van Filippi ook gestry word, dan gaan dit eintlik maar om ons tweede gedagte- Saamstry benodig dit wat in hfst. 2:2-3 duidelik vereis word- Dis dan ook ons tweede hoofsaak-

<u>Eensgesindheid en nederigheid:</u>

Nog steeds gaan dit oor wat in v.27 vir ons by die Nagmaal ook voorop moet staan- om ons waardig die evangelie van Christus te gedra. Waardig die burgerskap van God se kinders in sy koninkryk dra ook die waarde van eensgesindheid sterk na vore. Vantevore het ons gesien die baie goeie dinge waaroor Paulus die gemeente in Filippi geprys het, hfst 1:7- hoe hulle Paulus in hulle harte gedra het, hoe hulle deelgenote van Paulus was in die bevestiging en verdediging van die evangelie, deelgenote in die genade, ja die liefde wat daar was, het Paulus gebid dat dit net nog meer oorvloedig sal word,. Daar was reeds 'n goeie deel wat die goeie werk van God in hierdie gemeente uitgedra het (1:6). Paulus het in alle geval die vertroue uitgespreek sommer heel aan die begin van die brief dat God wat die goeie werk in hulle begin het, dat die Here dit ook sal voleindig. God sal dit bly doen tot op die dag van Jesus Christus.

Die goeie dinge wat daar in die gemeente was, het nogtans gevaar geloop. Die gebrek aan eensgesindheid is altyd in die kerk van die Here 'n wesentlike gevaar. Wanneer twee vroue met mekaar in hierdie kerk hulle eensgesindheid verloor, vroue wat vroeër kosbare werk gedoen het, vroue van wie ons in die laaste hoofstuk lees dat Paulus hulle vermaan- *Ek vermaan Euodia en ek vermaan Sintiche om eensgesind te wees in die Here...* want wil dit voorkom hierdie vroue het nodig gehad om weer te kom waar ons ook moet staan.

Om in een gees vas te staan en een van siel saam te stry vir die geloof van die evangelie. Dit is wat onder eensgesindheid na vore moet kom. Die enige troos in Christus, of soos die Kategismus in Sondag 1 vraag i die vraag na jou enigste troos vra, dan is hierdie enigste troos, 'n enige troos, ook 'n vertroosting van die liefde, daar kom die innige gemeenskap van die Gees, die innige, enige tederheid en ontferming, dit alles wat elke Nagmaalganger vanoggend so na moet smag. Alleen hierdie troos in Christus kam maak dat daar eensgesindheid kan wees. Sonder Christus is eensgesindheid nie moontlik. Die Nagmaal wil hierdie eenheid met Christus en hierdie troos in Christus vir ons duidelik na vore bring. So moet ons ook Nagmaal vier, eensgesind, want sonder die eensgesindheid kan daar nie blydskap by die Here se tafel wees nie. Paulus sê dan ook- *maak dan my blydskap vol deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin...*

Vers 1 van hoofstuk 2 se viervoudige aanmoediging tot eensgesindheid, dit is alles die ryke geestelike ervaring wat Nagmaal ook bewerk. Troos in Christus, vertroosting van die liefde, gemeenskap met die Gees, simpatie, empatie met mekaar- innige tederheid en ontferming. Eensgesindheid bring werklik gemeenskap. In die Grieks praat hulle van *koinonia*- Koinonia (gemeenskap) met die Heilige Gees, bring die gemeenskap met Christus, en in Christus is daar die gemeenskap met mekaar. Dit bring die ware blydskap. Blydskap wat ons nou reeds weet die grondakkoord van hierdie hele brief is. Paulus is 'n blye mens as hy hier skrywe maar dit wat sy blydskap sal volmaak is om eensgesind te wees, om nederig te wees, om mekaar behulpsaam te wees.

As ons in hfst. 1 meer te doen sou kry met dinge wat buite die gemeente aan die gang was, dan het hfst. 2 alles nog nader gebring. Hier gaan dit oor wat binne die gemeente, binne die liggaam van Christus moet gebeur. Dit is wel belangrik om te besef 'n gemeente kan alleen werklik effektief en oortuigend na buite handel, selfs ook in die verdediging van die

evangelie as die na-binne dinge in orde is. As die binnekant van ons as kerk nie spreek van eensgesindheid, nederigheid en werklike hulp vir mekaar nie, as ons nie werklik 'n liggaam is waarvan Christus ons Hoof is en al die lede van die liggaam in die liggaam reg funksioneer nie, dan kan so 'n liggaam nie na buite werk. Dit moet na-binne reg wees om na buite te werk.

Dit kom uit hierdie brief eintlik al duideliker na vore, ook by die lees van v.4 dat die gelowiges in Filippi te veel met hulle eie dinge besig was, ten koste van die ander een. Dan kom v.27 waarlik in die gedrang. Dan gedra so 'n mens hom nie meer waardig die evangelie van Christus nie. Terwyl Paulus vir ons die groot voorbeeld al nader bring, nl. die voorbeeld van ons Here Jesus Christus dan gaan dit om eensgesindheid, maar ook nederigheid. Calvyn wys daarop dat daar eintlik 'n hartstogtelike oproep by Paulus is om eensgesindheid en nederigheid. Verse 6-11 is waarby ons gaan afsluit maar wat ons nabetragting ook gaan hervat- dit dan ons laaste gedagte-

<u>Alles kom saam op die voorbeeld van Jesus Christus:</u>

Wanneer daar selfsug en ydele eer by ons teenwoordig is, dan kan ons nie anders as om na die voorbeeld van Jesus Christus te kyk nie. Selfsug wat te doen het met sondige ambisies. Dit dra gewoon 'n element van jaloesie daarmee saam. Ydele eer wys die Griekse woord- **κενοδοξίαν** – op 'n sondige trots sonder fundering. Dit is leeg, bodemloos, 'n eer wat mense hulleself toeëien wat op geen manier geregverdig kan word nie. By Hom om Wie ons nou gaan Nagmaal vier, was daar geen selfsug, geen ydele eer teenwoordig nie. Hoe het Jesus met sy lewe en met sy offer op elke denkbare wyse aan ons getoon dit wat Paulus ook aan die gemeente wil oorbring.

God openbaar aan ons die grootste selfvernedering, die grootste liefdesbetoon wat daar nog ooit kon wees, hier vind ons die volmaakte rede tot watter eensgesindheid en nederigheid daar by ons moet kom, want in die lewe van Jesus Christus word dit alles saamgebring en saamgevat- *Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, [7] maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; [8] en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.* In al drie hierdie verse gaan dit om Jesus Christus, maar dan om Jesus se selfvernedering- maar ons vier Nagmaal

nie net by Hom wat verneder was nie, die volle eensgesindheid van ons moet ook wees by Hom wat verhoog is.

Wanneer ons binne enkele dae die hemelvaart gaan vier- dan is sy verhoging deel van wat ons hier lees- Verse 9-11 is alles deel van die verhoogde verheerlikte Christus- *Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, [10] sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, [11] en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.* Daar is mense wat glo ons het hier 'n lied oor Christus, dit wat Paulus op een of ander wyse ook as lied, as lof vir die werk van Christus sou aanbied, maar of dit 'n lied was of gewoon maar dit wat Paulus as die lof vir Christus beskou, maak nie saak nie, waarlik dit bring ons by die hoogtepunt van wat hier staan en waarby ons gaan Nagmaal vier. Elke knie en elke tong sal by die Nagmaal betrokke kan wees, soos elke knie moet buig en elke tong moet bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

Daar is drie groepe wat met hulle knieë en hulle tonge hierdie lof sal moet besing. Die wat in die hemel is, is dié wat reeds in die Here gesterf het, dié op die aarde, is ons wat nog in die lewe is, wat die Nagmaal wil vier, selfs word daar verwys na dié wat onder die aarde is- die wêreld van die bose, die gevalle engele, die wat in die verderf gestort is, selfs hulle sal oor Christus nie kan stilbly nie. Op die einde sal die bose ook in vrees voor Hom moet buig, terwyl ons wat waarlik geroepe is tot die Nagmaal in volkome blydskap voor Hom mag buig.

AMEN